Wes-Kaapse Regering
Onderwys

VERWYSING: 20110519-0057
12/10/57

NAVRAE: Nariman Khan **TEL.:** 021 467 22970 **FAKS:** 021 461 3694

OMSENDBRIEF : **0024/2011**
VERVALDATUM : **GEEN**

AAN: **ADJUNK-DIREKTEURS-GENERAAL, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNK- DIREKTEURE (ONDERWYSDISTRIKSKANTORE), KRINGSPANBESTUURDERS, IBB-ADVISEURS, SKOOLHOOFDE, SKOOLBEHEERLIGGAME, OPVOEDERS EN LEERDERS VAN OPENBARE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE**

KORT OPSOMMING: *Riglyne vir willekeurige ondersoek en beslaglegging en alkoholiese drank- en onwettige dwelmtoetsing by openbare skole*

ONDERWERP: **RIGLYNE VIR WILLEKEURIGE ONDERSOEK EN BESLAGLEGGING EN ALKOHOLIESE DRANK- EN ONWETTIGE DWELMTOETSING BY OPENBARE SKOLE**

1. Hierdie omsendbrief vervang **Omsendbrief 0023/2009** geheel en al.

2. Artikel 45A van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) bepaal dat, tensy deur die prinsipaal gemagtig vir wettige onderwysdoeleindes, geen persoon enige gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelmmiddels op skoolgronde of na enige skoolaktiwiteit mag saambring nie.

3. Die aangehegte Riglyne vir willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en dwelms sit die prosesse en prosedures uiteen waarvolgens willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelms deur prinsipale of hulle gedelegeerdes by skole uitgevoer moet word. Hierdie riglyne is bedoel om insidente van geweld en die gebruik van onwettige middels deur leerders te verminder en te beperk, en om 'n veilige skoolomgewing vir onderrig en leer vir almal te skep.

4. Om skole te help met die ontwikkeling en implementering van hulle eie beleid oor willekeurige ondersoek en beslaglegging op, en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige middels, word die aangehegte riglyne vergesel van die volgende:

   - 'n Pro Forma-beleid oor willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige dwelmtoetsing vir skole. (**Bylae A**)
   - Veilige Skole Inbelsentrum se kontakbesonderhede en funksies (**Bylae B**)
   - Algemene inligting vir gebruik en om byderhand te hê wanneer u die Veilige Skole Inbelsentrum kontak (**Bylae C**).

   Verder, sodra skole leerders geïdentifiseer het deur die toegelate prosedures te gebruik, mag hulle behoefte hê aan 'n meer uitgebreide reeks ondersteunings. In sulke gevalle kan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gekontak word, deur die besonderhede in **Bylae D** te gebruik. Dit sal die proses vergemaklik indien dieselfde inligting wat in **Bylae C** gelys word beskikbaar is wanneer skole van die dienste van die Departement van Maatskaplike Dienste gebruik maak.

5. Die inhoud van hierdie riglyne moet onder die aandag van onderwysers, nie-onderwyspersoneel, ouers, leerders en lede van die betrokke gemeenskap gebring word.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2011:10:03

Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
"*Western Cape Provincial School Education Act (WCPSEA), 12 of 1997*" (grootte: 61 KB)
Riglyne vir willekeurige deursoeking en beslaglegging en toetsing vir alkoholiese drank en dwelms (grootte: 94 KB)
Bylae A: Voorgestelde pro-forma beleid (grootte: 77 KB)
Bylae B: Beveiliging van ons skoolomgewing (grootte: 37 KB)
Bylae C: Algemene inligting (grootte: 17 KB)
Bylae D: Bykomende ondersteuningsdienste van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (grootte: 25 KB)

na bo

Maak omsendbrief toe **Close this Minute** **Byela emva**